

## HUISHOUDELIKE REËLS : CENTURION KUNSVERENIGING

1. Hierdie huishoudelike reëls is aanvullend tot en vervang nie die Konstitusie van die Centurion Kunsvereniging nie.
2. Die huishoudelike reëls kan onder die volgende omstandighede aangepas en/of vervang word deur 'n nuwe stel reëls:
  - a. Deur 'n Algemene Vergadering van die lede hetsy die jaarlikse Algemene Vergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering soos byeengeroep vir die doeleindes om die reëls aan te pas of te vervang;
  - b. Of tydens 'n spesiale Uitvoerende Komitee vergadering met die uitsluitlike doel om die reëls aan te pas en/of te vervang.
3. Alle ingeskrewe en geregistreerde aktiewe lede van die Centurion Kunsvereniging is onderworpe aan hierdie reëls en die reëls is afdwingbaar aanvullend en ondersteunend tot die bepalings van par 5 van die Konstitusie van die Centurion Kunsvereniging wat as volg bepaal: 'Enige lid van die publiek mag aansoek doen om lidmaatskap van die Centurion Kunsvereniging. Lede moet hulle egter neerlê by die reëls, regulasies en doelstellings van die Kunsvereniging'.
4. Voortbestaan van die Centurion Kunsvereniging. Die voortbestaan van die Kunsvereniging is onderworpe aan die volgende vereistes:
  - a. Aktiewe deelname van alle geregistreerde lede aan die jaarlikse aktiwiteite van die Kunsvereniging.
  - b. Finansiële volhoubaarheid..
  - c. Gesonde ledetal groei.
  - d. Effektiewe bemarking van kuns in Centurion.
5. Die Reëls
  - a. Lidmaatskap. Lidmaatskap is ongedwonge en onderhewig aan die volgende voorwaardes:
    - i. Enige lid van die publiek kan aansoek doen om lidmaatskap.
    - ii. Dit is die prerogatief van die Uitvoerende Komitee om die aansoek goed te keur/af te keur.
    - iii. Aktiewe deelname aan die Kunsvereniging aktiwiteite soos per jaarprogram.
    - iv. Ledegeld
      1. Ledegeld sal jaarliks hersien word en by die Jaarlikse Algemene Vergadering bevestig en genotuleer word.

2. Ledegelde is betaalbaar gedurende die eerste drie maande van die jaar. Die laaste betaling van ledegelde sal tydens die Lede uitstalling aanvaar word.. **LET WEL : Lede wat na die uitstalling ledegeld betaal, sal nie vir daardie spesifieke jaar se Kunstenaar van die jaar oorweeg word nie, maar eers die jaar daarna.**
  3. Ledegeld is nie terugbetaalbaar nie.
  4. Uitsondering. Indien dit tot die Kunsvereniging se aandag kom dat hulp in 'n spesifieke geval verleen kan word met die betaling van ledegeld namens 'n lid, sal dit deur die Uitvoerende Komitee vir oorweging en goedkeuring voorgelê word. Sodanige betaling van ledegeld sal as hulpverlening teboekgestel word.
- v. Beëindiging van Lidmaatskap. Lidmaatskap kan as volg beëindig word:
1. 'n Lid kan vrywilliglik sy lidmaatskap te enige tyd beëindig. Ledegelde sal nie terugbetaalbaar wees nie, hetsy ten volle of pro-rata.
  2. Die Uitvoerende Komitee kan 'n lidmaatskap beëindig in die geval waar na oorweging gevind is dat die lid die beeld van die Kunsvereniging geskaad het. Dit sluit in subversiewe gedrag en die bedoeling om onmin in die geleedere van die Kunsvereniging te saai. Ledegelde sal nie terugbetaalbaar wees nie, hetsy ten volle of pro-rata.
  3. 'n Lid wat twee agtereenvolgende termyne geen ledegelde betaal het nie, sal onaktief wees en sal weer aansoek moet doen om aan te sluit.
- b. Deelname. Aangesien dit die doel van die kunsvereniging is om kuns onder die gemeenskap van Centurion te bevorder, word lede aangemoedig om deel te neem aan al die aktiwiteite van die Kunsvereniging. Ten einde hieraan uitvoering te gee, is die volgende in plek gesit:
- i. Algemene Jaarvergadering. Jaarvergaderings is verpligtend en slegs lede wat verskoning aanbied, sal verskoon word. Die Algemene Jaarvergadering is deel van die Jaarprogram en as sulks is die datum lank voor die vergadering bekend.
  - ii. Program van Aktiwiteite. Die program sluit in die Jaarvergadering, uitstallings, werksinkels, besprekingsgroepe, kinderprogramme, uitstappies, jaareindfunksie en enige ander aktiwiteite wat kuns en verwante aspekte onder die gemeenskap en kunstenaars bevorder. Lede word aangemoedig om sover moontlik soveel as moontlik van die aktiwiteite by te woon. Deelname sal 'n rol speel in die bepaling van die Kunstenaar van die Jaar toekenning.

iii. Uitstallings. Die uitstallings is nie beperk tot die jaarlikse lede-uitstalling en die Kunstenaar van die Jaar uitstalling nie, maar deelname aan beide hierdie uitstallings sal 'n bepalende rol speel in die aanwysing van die Kunstenaar van die Jaar. Die volgende gemeenskaplike reëls geld vir deelnemende lede:

1. Lede moet die riglyne vir die betrokke uitstalling nougeset nakom.
2. Alle werke moet hanggereed ingehandig word op die datum en plek soos bepaal. Hanggereed sluit in; droeë skilderye, hakies of soortgelyke medium waaraan die skilderye gehang kan word.
3. Kunstenaars moet hou by die hoeveelheid skilderye en groottes soos aangedui.
4. Skilderye wat nie te koop is nie, sal nie uitgestal word nie.
5. Indien daar besware teen die uitstalling van werke is wat onbetaamlik/aanstootlik mag wees, sal die Uitvoerende Komitee besluit of die werk(e) wel uitgestal sal word aldan nie. Dit sal voor die uitstalling aan die kunstenaar gekommunikeer word.

iv. Spesifieke Reëls m.b.t. Uitstallings

1. Lede Uitstalling

- a. Dit is 'n staande reël tydens die lede uitstalling dat elke deelnemende vroulike kunstenaar 'n bordjie eetgoed voorsien en elke deelnemende manlike kunstenaar 'n bottel drinkgoed.
- b. Deelnemende kunstenaars word aangemoedig om nuwe werke in te dien.
- c. Deelnemende lede betaal 'n uitstallingsfooi wat jaarliks hersien en gekommunikeer sal word tydens die verspreiding van die kennisgewing van die uitstallingsdatum.
- d. Nuwe lede is welkom om deel te neem.

2. Kunstenaar van die Jaar Uitstalling

- a. Krit sessies word gereël spesifiek met die oog op deelname aan die Kunstenaar van die Jaar uitstalling en lede word ten sterkste aanbeveel om dit by te woon.
- b. Slegs nuwe werke sal aanvaar word. Die datum waarop die werk voltooi is, sal op die werk aangebring word.
- c. Slegs werke wat te koop is, sal by die Kunstenaar van die Jaar uitstalling uitgestal word.
- d. Slegs lede wat reeds 'n jaar lank lede is, se werke sal uitgestal word.

- e. ALLE werke sal vir die volle duur van die uitstalling uitgestal word.
- f. Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen bespreking en/of korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie. Vir die rede SAL die keuse van beoordelaars, voorligting aan die beoordelaars, jaarlange evaluering van kunstenaars, deelname aan Kunsvereniging aktiwiteite en uiteindelijke beoordeling oordeelkundig geskied.

c. Admin en bestuur.

- i. Ten einde goeie orde binne die Kunsvereniging te handhaaf, sal daar 'n Uitvoerende Komitee aangewys word wat tydens die Algemene Jaarvergadering verkies en bekragtig sal word.
- ii. Verpligte aanstellings:
  - 1. Voorsitter
  - 2. Onder Voorsitter
  - 3. Sekretaris/Tesourier
  - 4. 'n Minimum van drie addisionele lede.
- iii. Addisionele lede
  - 1. 'n Verdere drie lede kan verkies word
  - 2. Lede kan deur die jaar ook deur die Uitvoerende Komitee gekoopteer word vir spesifieke werksaamhede/take.
- iv. Pligstate. Lede van die Uitvoerende Komitee sal pligstate ontvang om hulle te rig in die uitvoering van hul pligte.
- v. Vergaderings.
  - 1. Die Uitvoerende Komitee sal staande maandelikse vergaderings hou wat genotuleer sal word wat die werksaamhede van die Kunsvereniging sal beheer en administreer.
  - 2. Vergaderings is verpligtend vir alle komiteelede.
  - 3. Elke kwartaal sal een vergadering 'n ope vergadering wees wat deur lede bygewoon kan word. Ter wille van goeie orde, sal spreekbeurte slegs toegestaan word aan lede wat 7 dae vooraf hul besprekingspunt(e) aan die sekretaris voorgele het.
  - 4. Stemming. Elke komiteelid het een stem en die Voorsitter het een stem plus 'n beslissende stem wanneer tot stemming oorgegaan word.
- vi. Finansies
  - 1. Alle uitgawes sal by komitee vergaderings goedgekeur, genotuleer en bekragtig word.
  - 2. Slegs een goedgekeurde bankrekening sal as Kunsvereniging bankrekening bestaan.
  - 3. Slegs die voorsitter, onder voorsitter of tesourier mag tjeks teken en aanbied vir betaling.

4. Elektroniese betalings sal eers op 'n skedule geplaas word en tydens komitee vergaderings voorgele word vir goedkeuring alvorens betalings sal geskied.
5. Daar sal tydens elke komitee vergadering 'n finansiële oorsig deur die tesourier aangebied word.
6. Bestuursstate sal ses-maandeliks voorgele word aan die komitee en jaarliks aan die lede tydens die Algemene Jaarvergadering.

- d. Gedragreëls. ALLE lede is onderworpe aan die volgende gedragreëls:
- i. Geen lid sal die Kunsvereniging in 'n swak lig stel nie.
  - ii. Opswepery en ondermyning sal nie geduld word nie.
  - iii. Enige kwessie van watter aard ookal, sal skriftelik aan die Uitvoerende Komitee gerig word vir hantering tydens geskeduleerde vergaderings.
  - iv. Terugvoer sal ook in skrif geskied.
  - v. Die Kunsvereniging sal alles in sy vermoë doen om uitstallings, werksinkels en sosiale aktiwiteite van hoogstaande gehalte aan te bied-dit word van lede verwag om te alle tye gedrag te openbaar wat die uitgangspunt ondersteun.
  - vi. Fasiliteite is aan die Kunsvereniging op 'n 'leenbasis' toegestaan. Lede moet dit asseblief met die nodige respek hanteer.
  - vii. Na funksies en aktiwiteite sal hulp met die opruiming van geriewe en toerusting waardeer word.
  - viii. Die Uitvoerende komitee is deur die lede verkies en in hul poste bekragtig tydens die Algemene Jaarvergadering. Komiteeledes verrig hierdie take sonder vergoeding en dikwels onder groot eksterne druk. Van alle lede word verwag om komiteeledes by te staan met begrip en respek.
  - ix. Van alle lede word verwag om mekaar in ag te neem en as sulks hulself te handhaaf.
  - x. Die kunsvereniging neem 'n neutrale standpunt in teenoor politiek en geloof, en as sulks word lede versoek om tydens kunsvereniging aktiwiteite en verrigtinge hulle te weerhou van enige menings standpunt betreffende die aspekte.
  - xi. Die kunsvereniging is nie die forum vir besprekings en/of die voedingsbron vir kerke, sektes, organisasies wat geen betrekking op kuns het of enige dergelike instansies nie. Lede wat sulke organisasies onder vereniginglede tydens kunsvereniging aktiwiteite bevorder, oortree die grondwet van die Kunsvereniging en sodanige lid/lede se lidmaatskap sal summier opgeskort word en sal nie weer vir lidmaatskap oorweeg word nie.
  - xii. Elke gedragreël geld inter-alia ook vir erelede.